WEL EN WEE VAN DIE MILITêRE VETERANE : BERIG 14/2018
12/11/2018

WEE VAN DIE VETERANE

1. Passing of Lionel Crook of the Gunners : Previous OC of Cape Fd Art Regt (CFA)

* The National President of the SA Legion, Brian Klopper, advises with regret "... of Lionel's passing. This is indeed a sad and irretrievable loss to all of us. Lionel was a Legionnaire of the highest quality and may his dearly departed soul find eternal solace and repose in the mansion of Almighty God. Our deepest condolences accompany his loved ones in these, their darkest hours of mourning. We will remember him".

* Chris van Zyl of the Gunners adds "... that the funeral service took place in the Gun Park within the lines of the CFA at Fort Ikapa in Goodwood on 12/11/2018".

2. Passing of Rfn Nic Els of 1 SWA Spes Unit

Jaco Steenberg of the SADFA advises with regret "... that Nic had passed away on 18/10/2018 in Namibia. His hard days are at last behind him". Note. See the description of the incident in which Nic was involved during the Bush War at par 19 here below.

PERSOONLIKE BOODSKAPPE

3. Personal Note from Al J Venter of 32 Bn

"I have had my biggest battle of all; with Cancer. After a series of radiation treatments at Guys Hospital in London, I was yesterday given the all clear by my Oncologist. The past year has been rather awful and started a year ago when I went down with a critical deep vein thrombosis attack while writing my latest nuclear book and that took four months to come right. But come right it did, and cancer or not, I stayed on top by continuing with my regular pool time which is now up to 500 or 600 metres three times a week. I place my survival firmly in the hands of the Lord and also a rigorous exercise routine that keeps an Oupa like me relatively young. Gabriela also helps.

My latest book on Biafra is just out which contains quite a bit on SA involvement. It will be followed by *COMBAT* about our bush war due out towards the middle of next year. I am currently working on my next project about the European Command Force acting against AQIM of Al Qaeda in South Sahara. It is not an intensive conflict but covers an enormous region half the size of Europe. The USA is involved with an extensive Drone effort based in neighbouring Niger. I have already done some work on AQIM and released a book earlier this year through Pen & Sword.

Beste wense aan al die Militêre Veterane en bly gesond mense".







4. <u>Persoonlike Boodskap van Paul Els van die Springende Seiners</u>

"Almal wonder seker wat het van my geword het. Ek is deur 'n moeilike tyd waar ek 1 600 danse by 'n kunswedstryd in 12 dae opgeneem het, waarna ek 300 DVDs moes lewer. Daarna het ek myself gestraf deur aan drie boeke van ander skrywers te werk, terwyl ek ook nog opnames by vier konserte gedoen het. 'n Klein terugslag het my getref, want die oogoperasie van verlede jaar het nou veroorsaak dat my oog binne swel. Op 13/11/2018 gaan ek my eerste inspuiting van drie in die oog ontvang, so dink aan my asseblief".

MILITêRE AANGELEENTHEDE

5. <u>Jy Moet Lekker Verjaar, Ou Maat</u>

Jaco Steenberg van die Infanterie rapporteer dat "… die Infanterieskool hierdie jaar 55 jaar oud is. Die Skool is op 01/10/1963 gestig". Nota. Wie ken die geskiedenis oor die oorplasing vanaf die SA Mil Kol wat tot die stigting van die Skool gelei het?

6. Remembrance Day Parade in Mossel Bay on 11/11/2018

Deon Potgieter of the SA Legion advises that "… more than 90 years ago the Community of Mossel Bay decided to erect a War Memorial to honour those Local Citizens who had laid down their lives in WW1. Fondse is deur die gemeenskap uit donasies en die hou van menige bazaars ingesamel om vir die oprig van 'n monument by Die Punt te betaal, op 'n perseel wat deur die munisipaliteit geskenk is. On 28/09/1928 the Cenotaph was unveiled by Maj-Gen Sir HT Lukin, KCB, CMG and DSO & Bar who was the Commander of the SA Forces that went to War in Africa and Europe in 1915. The Cenotaph was designed by a local architect, Mr WJ Delbridge, and modelled on the Cenotaph in White Hall, London, England.

Op Sondag 11/11/ 2018 het die Blaize Away Shellhole 'n Herdenkingsdiens en Parade by die Senotaaf aangebied. The proceedings was in honour of all those from Mossel Bay who paid the ultimate price during WW1, WW2, the Korean War, the SA Border War and more recently the Iraq War".

7. Shape and Weaponry of the Modern Warship

Arne reported in his MN that Hanko, that one of four Hamina class missile fast attack craft in the Finnish Navy, carry four RBS-15 SSMs and eight Umkhonto SSMs made in the RSA.

8. World's Oldest Commissioned Warship Afloat

The USS Constitution, the world's oldest commissioned warship afloat, and its crew headed underway from the ship's berth in Charlestown, Massachusetts, on 19/10/2018, in commemoration of the ship's launching 221 years ago on 21/10/1787.

9. Initial Plan by the Pentagons to Create a Space Force

According to Arne's MN, parts of the USN, USAF and US Army would move into a sixth branch, the US Space Mission, according to an internal draft of the Pentagon's plan. This early draft provides a glimpse into a 21st-century approach to creating a new service branch, an endeavour not undertaken since 1947. The draft document calls for the Space Force to absorb parts of Air Force Space Command, the Navy's Space and Naval Warfare Systems Command, the Naval Satellite Operations Centre and the Army's 1st Space Brigade.

10. Size of the Missile Tubes on the Columbia-class Submarine

Photo shows the size of the four-tube missile pack built for the new Columbia-class submarines. Workers pose for a photo to indicate the size.

TOEKOMSTIGE OORLOë

11. Exercising Right of Free Passage

The USN is drafting a plan to sail ships and flying aircraft near China's territorial waters in the South China Sea and Taiwan Strait in freedom of navigation operations to demonstrate the right of free passage in international waters. The proposal means US ships and aircraft would operate close to Chinese forces. The defence officials emphasized that there is no intention to engage in combat with the Chinese.

12. Responding to China's Challenge at Sea

In Arne's MN it was stated that China is building a Navy that intends to challenge the USA and the broader international community on all the high seas across the globe. Defence leaders have been highlighting China's investments in new ships, including aircraft carriers and nuclear-powered fast-attack submarines, to thwart US carrier groups. The contraction of the overall size of the USN effectively invited China and other nations to enter into a naval arms race with the USA. It is critical to quickly answer President Trump's call for a 355-ship Navy if we are to avoid a disastrous war at sea..

MILITêRE MEDIESE VERSORGING

13. Kommunikasie met 2 Mil Hosp

Peet Duncan noem vanuit Stilbaai dat "…dr Basson en haar personeel by 2 Mil Hosp se Afd Ortopedie lof verdien vir hoogstaande diens, maar, ai, dit is bykans onmoontlik om met die hospitaal kontak te maak. Ek stuur e-posberigte aan Bev 2 Mil Hosp en het verlede week met sy sekretaresse gepraat, maar hierdie week is daar geen antwoord nie".

14. Kompliment deur Andre Brink van die Infanterie

"Lede kla met reg oor probleme en swak diens wat ervaar word, maar ons is verplig om ook
ons positiewe ervarings te deel. Dalk beur dit ons 'n bietjie op, veral as ons weer bewus word van die mediese koste in die privaat sektor! In my geval het ek op 15/08/2018 ontdek dat ek nie met my linkeroog kan sien nie en het op 16/08/2018 vir dr Haarhof by 1 Mil Hosp se Oogkliniek gaan spreek. Na ondersoek het hy beslis dat 'n noodoperasie nog dieselfde dag en spesifiek deur dr Potgieter by die Centurion Ooghospitaal gedoen moet word. Hy het persoonlik gereël dat dit dieselfde aand plaasvind en het self geskarrel om die nodige magtigings te bekom. Voor die operasie het hy ook weer kom kyk of alles reg verloop. Die operasie, teen ongeveer R130 000, het die herstel van 'n retina-loslating en reuse skeur, asook 'n lensvervanging, behels. Indien daar gesloer is sou ek waarskynlik alle sig in die oog verloor het. Die herstelproses is nog lank maar vorder goed. Ek het net dank en waardering vir drs Haarhof en Potgieter se spoedige en professionele optrede en vertrou dat my ervaring dalk vir iemand 'n sprankie hoop sal bied!"

15. Kommentaar oor ons Mediese Stelsel. Peet Duncan van die Infanterie verwittig soos volg:

“In die verlede is die modernste hospitale gebou, toegerus en met kundige mediese personeel beman en was die afgetredenes van uitstekende mediese sorg voorsien. Toe vrede kom was dit tog duidelik dat afskaling moet plaasvind en toe reeds moes ernstig besin word oor befondsing vir die toekoms. Myns insiens moes afgetredenes nooit in geheel vrygestel gewees het van bydraes nie en moes daar vroeg reeds verhogings vir alle bydraers gewees het. Ek glo nie daar is enige mediese fonds waar bydraes na 60 staak nie. Ons is ten spyte van alles nog in n gunstige posisie.

Elkeen van ons maak sy eie keuses. Talle van ons het gekies om ver van ‘n militêre hospitaal af te tree, maar met operasies en ander behandelings is koste uit eie sak ons voorland, want daar kan nie van die SMMVF verwag word om dienste na elke indiwidu se behoefte of voorkeure te skik nie. Ons is egter steeds geregtig op goeie en effektiewe dienslewering. Wat egter veel te wense oorlaat is die swak kommunikasie. Oproepe word keer op keer gemaak en dit is bykans onmoontlik om die regte persoon te kontak, om afsprake te maak en om antwoorde te kry. Selfs vele oproepe deur my plaaslike geneesheer het niks opgelewer nie. Dit het vier maande geneem om ‘n afspraak by 2 Mil Hosp se Afd Ortopedie te kon maak en twee maande later moes ek ‘n Mediese Student sien wat my nie kon help nie. Ek het egter vasgebyt en kon met blote geluk met dr Arlow telefonies praat, wat gesorg het dat ek agt maande later ‘n knievervanging kon ondergaan. Wat ‘n verligting en groot sukses. Ek het vir my knie se vervanging ‘n kwotasie by Med Clinic Hospitaal in Mosselbaai vir R135 000 gekry. Met my persoonlike reis- en verblyfuitgawes in ag geneem, bly my behandeling steeds ‘n bonus.

16. Swak Behandeling van AO1 A. Koen van die TDK

Rouen Heiberg van Afd Inl rapporteer dat hierdie 80jarige Veteraan ‘n internis in George in Mei 2018 besoek het, waartydens ‘n ongereelde hartritme gediagnoseer is. Na hierdie besoek is 14 dae gewag vir magtiging sodat ‘n hartskokprosedure in MediClinic Hospitaal in George uitgevoer kon word. Opvolgbesoeke is in Jul 2018 en op 11/10/2018 aan dieselfde internis gebring, waartydens hy aanbeveel het dat die hartskokprosedure herhaal word. Verskeie pogings deur die internis se praktyk en die George Siekeboeg om magtiging te bekom vir opname in die MediClinic Hospitaal George was onsuksesvol. Die internis se ontvangsdame het by geleentheid teenoor AO1 Koen opgemerk dat sy keelvol gesukkel is.

Die George Siekeboeg is op 23 en 24/10/2018 besoek maar magtiging kon steeds nie verkry word nie. ‘n Lid by 2 Mil Hosp het bepaal dat AO1 Koen na 2 Mil Hosp moet kom, maar later is die George Siekeboeg ingelig dat 2 Mil Hosp nie oor ‘n Kardiologie-afdeling of kardioloog beskik nie en dat hy na die Provinsiale Hospitaal op George verwys word. Die lid was bereid om dit te doen, maar nadat George Siekeboeg weer met 2 Mil Hosp skakel, is bepaal dat hy na die Ongevalle-afdeling by MediClinic moet gaan. Toe hierdie hospitaal magtiging vir opname versoek is dit geweier en is hy opdrag gegee om na die Provinsiale Hospitaal op George te gaan. Sedertdien is verneem dat hierdie hospitaal nie die prosedure sou kon uitvoer nie en dat hy in elk geval van daar na Groote Schuur Hospitaal verwys sou word. AO1 Koen het intussen self navrae begin doen en poog om na 1 Mil Hosp te gaan siende dat daar wel ‘n kardiologie afdeling is.

Onsuksesvolle pogings om magtiging vir dringende mediese prosedures te verkry is onaanvaarbaar en kommerwekkend. Ons mediese voordele behels immers ‘n kontrak tussen die SMMVF wat met dringendheid en professionaliteit nagekom behoort te word. Almal kan nie in die nabyheid van militêre hospitale woon nie en wat gaan gebeur wanneer mediese diens nie in jou onmiddellike omgewing gelewer kan word nie? Ons kry nog altyd uitstekende mediese diens by die Militêre Siekeboeg op George en ons het groot waardering daarvoor. Gebeure soos hierdie laat ons egter twyfel oor die volhoubaarheid van ons mediese diens. Opmerking. Die geval is onder die aandag van ‘n goedgesinde afgetrede mediese offisier gebring, wat soos volg rapporteer:

“Ek hierdie aangeleentheid met dr Anushka Jamuna van die SMMVF bespreek, asook ander gevalle waar lede na provinsiale of militêre hospitale verwys word, welwetend hierdie dienste nie by die provinsiale hospitale gelewer kan word nie. Sy het onderneem om die kwessie met die SAMGD op te neem”.

17. Kommunikasie met 2 Mil Hosp

Peet Duncan noem vanuit Stilbaai dat "…dr Basson en haar personeel by 2 Mil Hosp se Afd Ortopedie lof verdien vir hoogstaande diens, maar, ai, dit is bykans onmoontlik om met die hospitaal kontak te maak. Ek stuur e-posberigte aan Bev 2 Mil Hosp en het verlede week met sy sekretaresse gepraat, maar hierdie week is daar geen antwoord nie".

FUNCTIONING OF THE MEDICAL CONTINUATION FUND (RFMCF)

18. NTR.

EIETYDSE MILITêRE GESKIEDENIS

19. Incident during the Bush War on 06/06/1983. Jaco Steenberg of the SADFA provided the following which appeared on Face Book, in reference to par 2 above:

"Rifleman Nic Els of 1 SWA Spes Unit appears on the photo here below taken in 1983. The pictures show him confident, reins in one hand and rifle in the other. Unfortunately a landmine blew off his legs and killed his horse on 06/06/1983. The mine also wounded a number of other men of the SWATF and killed a few of the other horses that day. Nic served in an exceptional unit, which fought their war on horses and motorcycles. They could track the enemy at speeds of up to 15 km/h for a solid four hours, and go as fast as 30 km/h once they caught the scent. SWAPO (PLAN) terrorists feared this highly mobile unit and did everything in their power to hamper them, including the use of landmines. To go from elite, highly mobile mounted soldier, to an amputee in seconds was a shock to Nic and it took many years for him to adapt".

20. Inspeksie van 'n Erewag op Oudtshoorn se Lughawe in 1975

Johann Engelbrecht van Leërinligting het die foto verskaf van n inspeksie van 'n erewag van die Infanterieskool deur wyle genl Bob Rogers, destyds H SALM. Van agter na voor is brig Pat Joynt, Bev Kmdmt Suid-Kaap, kapt Andre Kruger van die Infanterieskool, lt Johann Engelbrecht van Kmdmt Suid-Kaap, lt-genl Rogers, en kapt Tienie Smuts van die Infanterieskool.

21. Herdenking van die Bosoorlog

Paul Els noem dat "... ons die eiende van WO1 100 jaar gelede hierdie week herdenk het. In Apr 2019 het ons eie Bosoorlog 30 jaar gelede geëindig. Ons kan darem sekerlik iets vir die herdenking daarvan reel. As iemand iets wil voorstel, stuur dit vir my sodat ek behulpsaam kan wees".

NUWE MILITêRE BOEKE

22. *Stoic Warriors : The Ancient Philosophy Behind the Military Mind*

Johan Brink van Personeel vertel dat hulle "... by die kinders in Europa gaan kuier het, waartydens ek hierdie boek bekom het. Die skryfster, prof Nancy Sherman, is 'n uitstekende filosofiese skryfster en met die lees van hierdie ongewone boek oor die toepassing van die antieke skrywers se stoisynse filosofië, het ek besef waarom ek soldaat geword. Dit is egter nie eng nie, want die beginsels geld net so goed vir enige leierskap-etiek in die breër samelewing. Dit is nie gemaklike leesstof nie en die lees daarvan is 'n uitdaging. My kopie het 242 bladsye en is deur Oxford University Press, New York, in 2007 uitgegee. Die boek is sekerlik ook in die RSA beskikbaar".



23. *Buccaneers of 24 Squadron (Book 2) : The First 10 Years*

Available from Bush War Books at warbooks.co.za@cmail19.com for R695.



PAUL ELS SE BOEKE

24.Boek oor die Militêre Basis in Walvisbaai

Die boek oor Walvisbaai sal ek voltooi sodra ek die manuskrip terug ontvang van die lede wat my bystaan. Hulle het die laaste paar maande hard gewerk om die uitleg reg te kry. Ongelukkig is daar feite wat ons nie kon bekom nie, maar dit sal met die tweede uitgawe bygesit word.

WELSYNSWERK

25. Projek Suikerbekkie

Die SAW Vereniging SAWV) meld "... dat Sektor 1 Kosmos Secunda, op 17/10/2018 saam met die Bybelstudiegroep van die Gereformeerde Gemeente in Secunda, as deel van Projek Suikerbekkie, die kinders van Laerskool Trichardt se koshuis met worsbroodjies en roomys getrakteer het. Van die seuns en dogters het met geesdrif aan die braai van die 60 stukke wors en die smeer van die broodjies deelgeneem. Dit was voorwaar 'n suksesvolle Projek Suikerbekkie".

ALGEMENE ASPEKTE

26. SAPS Wish to Remove Self Defence as Reason to Own a Firearm

Paul Oxley is the Chairperson of the Gun Owners Association and states "…that the SAPS have proven that they are not serious about the lives of citizens in South Africa. A draft amendment bill to the Firearms Control Act was released in which Sections 13 and 14 are repealed, meaning that self-defence is no longer a valid reason for owning a firearm. Taking away a means to effectively defend oneself will leed to an increase in violent crimes committed against all South Africans and this cannot be allowed to happen. We urge all legal gun owners to write to the Chairperson of the Police Portfolio Committee, Mr Francois Beukman, expressing your dissatisfaction at this preposterous and uncalled for attack on your ability to protect yourself against the crime infestation we all face on a daily basis. His e-mail address is fbeukman@parliament.gov.za".

27. Struggling State Enterprises

The economist, Peter Bruce, has stated "… that of all the state's lame ducks, the arms manufacturer, DENEL, is the only one worth rescuing".

28. Newsletter of the Naval Officers' Association of Southern Africa

Angel states that the Newsletter for Oct 2018 is available and can be requested from the Secretary, John Lamont, at glentyne@yebo.co.za.

29. Verering van Ons Helde

Vroeër het Paul Els verwys na die 100 beelde in die Gedenkpark by die Fonteine in Pretoria, terwyl daar blykbaar nog 300 beplan word. Paul wil weet waarom daar niks beplan word om ons helde te vereer nie. Paul het toe maar voortgegaan en solank hierdie samestelling opgestel as 'n voorbeeld van wat gedoen kan word:



30. Poem About the Infantry. Jaco Steenberg of the Infantry says that he has received a poem by Steve de Witt telling about his experience in the Bush War. The poem is called *The Platoon,* and can be requested from Jaco's e-mail address at stoniebeer@gmail.com. The following is an extract from the poem:

We were more than the sections taking directions by radio from a frantic young lieutenant as chaotic battle plans unfolded in yet another fleeting engagement under the relentless Owamboland sun.

The platoon was more about boys, decent boys mostly, reared in average, middle-class families across South Africa.

Yours were the eyes of our shared mind that fleshed into action the deeds we don't talk about. That's why we can't speak about the war to outsiders.

Only our comrades understand, those greying men who were once part of our common mind. They know what we did and why we did it and they don't judge. They remain loyal to the grave where they take our secrets.

When we left the war, our severance from the shared mind disabled us, but also released us. We became individuals again and built our lives alone and moved on.

Before that we were not ourselves, yet were ourselves, collectively.

Yes we were Infantrymen, but what were we really? We were a tribe, a shared mind of boys whose job was to kill. That was the world to which we belonged.

A part of me has never been comfortable with that, while a bigger part misses it more.

NUUS OOR DIE VETERANE-ORGANISASIES

31. Inleiding

Hierdie groephoof is geskep met die spesifieke doel om aan die Veterane-organisasies 'n forum te bied waar hulle die breër Veterane-gemeenskap oor hulle onderskeie aktiwiteite kan inlig. Maak gerus gebruik daarvan en insette sal waardeer word.

32. Die SAWV se Projek Kolgans

Die SAWV verwittig dat "… die maandelikse ontbyt by Chatterley in Valhalla, wat onder die vaandel van Projek Kolgans gereël word, reeds 'n groot sukses is en dat die ontbyt op 13/10/2018 deur 54 lede bygewoon is. Die SAWV wil dan ook hiermee elke Militêre Veteraan regoor die RSA uitnooi om deel te word van ons projek te word.

In elke dorp of stad is daar Militêre Veterane teenwoordig en een van die Veterane moet die leiding neem om op die tweede Saterdag van die maand in jou dorp of stad 'n ontbyt te reël en die Veterane te nooi om dit by te woon. Gebruik die sosiale en plaaslike media om die woord te versprei en almal sal verbaas wees oor die reaksie. Ons versoek vriendelik om fotos van julle ontbyt in julle dorp na ons e-posadres by sawv@milvets.co.za te stuur, sodat dit op ons webblad geplaas kan word. Kontak Jaco Steenberg op sy selno te 073 204 6066, faksnommer 086 585 2284 of op stoniebeer@gmail.com vir informasie. Die oorblywende datum vir dieontbyte van die Landwye Projek Kolgans in 2018 is Saterdag 08/12/2018, terwyl die eerste ontbyt volgende jaar op 12/01/2019 is".

33. Decision by the SA Legion 2018 about Medals

The National Congress of the SA Legion has decided that the SA Legion will no longer assists with new medal applications until all the outstanding applications we have submitted over the years, have been processed and dealt with by the SANDF Medals and Awards Department. The Legion suggests that those who require assistance approach one of the following Veteran Organizations in the meantime, who may be able to assist:

* SADFA. Johann du Preez at johann.dupreez@milvets.co.za or Arlene Bronkhorst at sawv@milvets.co.za

* South African Military Veterans International. Colin Bowring at cbowring@samvoza.org or Yongama Zigebe at yziegebe@samvoint.org.

ASPECTS CONCERNING OUR PENSION FUND (GEPF)

34. Statement Issued by AP Stemmet on Behalf of AMAGP Regarding the VBS Bank

It must be realized that although the Public Investment Corporation (PIC) is the primary investment agency, approximately 87% of the PIC investment capacity is executed on behalf of the GEPF. Many dubious PIC investments have now came to the fore. The GEPF Responsible Investment Policy dated 16/11/ states that '... according to the GEPF's investment policy, the GEPF's assets are invested to deliver optimal returns at acceptable levels of risk. The Board of Trustees of the GEPF is the fiduciaries entrusted with the achievement of the investment objectives...' It must be asked whether the GEPF Trustees financially perform in accordance with its own promulgated Responsible Investment Policy?
With the bribery revealed thus far in the VBS Mutual Bank scandal, it is inconceivable that those in control of the largest pension fund in the RSA were never been on the receiving end of an attempted bribe or acts regarded as corruption which warranted reporting to the Directorate for Priority Crime Investigations (DPCI). Section 34(1) of this Act. This is very clear and states that '... any person who holds a position of authority and who knows or ought reasonably to have known that any other person has committed an offence, must report such knowledge or suspicion to any police official'. We hope the DPCI will start to interrogate those charged with governance at the GEPF and the PIC for what appears to be an absence of visible support in the fight against corruption. We also hope that those in control at the GEPF and PIC continue to sleep easy at night, as we know that the pensioners of the GEPF will not.

35. New Issue of the GEPF Monitor

Errol Massey-Hicks reports that new Issue Number 17 is now available and can be read on our website at www.amagp.co.za, or can be requested from his e-mail address at amagp.sek@gmail.com.

36. Nuwe Voorkoms van AMAGP se Blad op FaceBook

As Kleynhans van die Lugafweer verwittig "…dat AMAGP se blad op FaceBook 'n gedaanteverwisseling ondergaan het. Dit het 'n nuwe gesiggie en die naam is nou GEPF WATCHDOG/WAGHOND. Die nuwe voorkoms trek aandag en ons ledetal op Facebook binne drie dae met meer as 1000 gegroei, wat talle lede van die SAP en ander staatsdepartemente insluit".



SOEKTOGTE

37. NTR.

GELEENTHEDE, FUNKSIES EN KURSUS- EN ANDER RE-UNIES

38. Infanteriste is Plesierig

John Lizamore verwittig dat "… die volgende hinderlaag van die SA Infanterie- vereniging op Saterdag 17/11/2018 by die Bronberg Landgoed sal plaasvind. Tyd is 11:30 vir 12:00. Die NUR vergadering begin om 09:00 maar sal teen 12:00 afgehandel wees. Bespreking is noodsaaklik. Skakel asseblief met Geoff Holland-Muter by selno 076 637 9355 of op geoff@bexlosa.com om die ete by te woon. Kostes is slegs R100 per ete en drank is by die kontantkroeg teen militêre pryse beskikbaar. U kan gerus u vrouens saambring om die dag saam met ons te geniet.

39. Ete-groep in Centurion

Die vorige ete op 18/10/2018 by die Kookabella Kafé was lekker en ons het die hele binne-lokaal vir onsself gehad. Die volgende ete, die laaste een van die jaar, vind op 15/11/2018 plaas en detail kan vanaf die e-posadres by isajohan@johannisa.co.za verkry word.

ADMINISTRASIE

40. Nuwe Lede. Later

NETWORKING

41. Bydraes vir die Nonggai

Hennie Heymans van die ZARPe verwittig dat hy sy "... dank wil oordra aan al die Militêre Veterane wat bydraes gestuur het vir die tydskrif van nasionale veiligheidsgeskiedenis. Dit is verblywend om die belangstelling te sien om ons geskiedenis te bewaar".

LAASTE LAWWE (EN SOMS ERNSTIGE) STUKKE

42. Food for Thought

"If you meet every day with optimism, if you confront every obstacle with determination, if you refuse to give up, if you never quit, if you face every challenge with confidence and pride, then there is no goal you cannot achieve and no dream beyond your reach – Pres Donald Trump

43. Military Advice to Private Traders on the Johannesburg Stock Exchange

Buy on the cannons; sell on the trumpets - Old French Proverb

44. Losing a Main Combat Tank

Chris Bennett of the deep blue sea mentions “… that I have fond memory of an Army compatriot who was at the SA Mil Acad with me, sweating blood for about three weeks because he could not find one of the tanks under his command. It eventually came to an end when the tank was found in a hanger undergoing routine maintenance which had not been entered in the books! So the SA Army *can* manage to lose a Centurion tank!”

45. Late Reaction

Two old Infantry Veterans from 1976 are having a braai and a chat and one said ... "Jan, do you remember that bluestone they put in our tea in the Caprivi?" "Ja Piet, I remember the stuff. But what about it?" “Ag Jan, I think it is starting to work now..."

SLOT

46. And on that limp note, geniet die res van die week.

Johann

VRYWARINGSKLOUSULE

47. Hierdie Nuusbrief bevat die uiteenlopende en diverse persoonlike menings van Militêre Veterane en die Opsteller van die Nuusbrief kan nie in sy persoonlike hoedanigheid daarvoor verantwoordelik of aanspreeklik gehou word nie.